BEUKES TOERE

Program: Bosveld Wegbreek

7 - 14 Junie 2024

Dag 1: Vertrek om 13h00 vanaf **O.R.Tambo Lughawe** Johannesburg, na **Polokwane** waar ons die eertse nag spandeer in 'n luukse gastehuis.

Dag 2: Reis na **Tshipise Forever Resort** in die hartjie van die bosveld. Hier kan ons lekker ontspan en die warm-bronne van die pragtige oord geniet.

Dag 3: Ons ry deur pragtige bosveldgebied na **Mapungubwe Nasionale Park** waar ons *TWEE NAGTE* spandeer. Hierdie park strek tot teen die **Limpoporivier**. Hier gaan ons tuis en braai vanaand gesellig saam.

Dag 4: 'n Rustige dag in hierdie mooi park – waarskynlik my persoonlike gunsteling van al ons Nasionale Parke – voorwaar 'n versteekte juweel.

Dag 5: Vertrek vroeg-oggend na **Marakele Nasionale Park** in die **Waterberge**. Ons gaan tuis in luukse tente met 'n pragtige uitsig oor 'n dam.

Dag 6: Na 'n ontspanne **wildsrit** na die bopunt van 'n hoë berg met ongelooflike uitsigte, reis ons na die **Kingdom Resort** net buite **Sun City,** waar ons *TWEE NAGTE* tuisgaan.

Dag 7: Vandag verken ons die bergagtige **Pilanesberg Wildreservaat**. Teen laat-middag besoek ons **Sun City** met sy lowergroen tuine en geniet ook 'n bootrit op die pragtige dam. Aandete by hierdie gewilde vakansie-oord.

Dag 8: Vertrek na **Johannesburg** om teen 12h30 op die lughawe te wees.

Finale reëlings word 'n week voor die toer deurgegee.

Ingesluit:
Ontbyt en aandete by oornagpunt, alle toegangsgelde, wildsritte, fooitjies, ervare gids, goeie akkommodasie, luukse vervoer vir maksimum 16 mense.

Uitgesluit:
Vliegkaartjies, middagetes en drankies.

Prys:
R17 500 pp wat deel. R4 250 Enkelbybetaling

Kontak: Cronnie Beukes 078 894 0897 admin@beukes-toere.co.za